Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2023

# REKENINGKUNDE V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing wees indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LET WEL**: Indien punte in die nasienriglyn toegeken word vir komponente van bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Hierdie nasienriglyn is nie vir verspreiding in die publiek nie, omdat sekere items dalk verkeerd hanteer is. Aanpassings is gemaak as gevolg van sekere nuanses in sommige vrae.
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken Bewerking en een deel korrek. **LET WEL**: Kontroleer bewerking. Moet +, -, x, ÷, of per nasienriglyn wees.
11. In berekeninge, moet punte nie toegeken word indien noemer en deler omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
12. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. Dui aan d.m.v. ☒.
13. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die nasienriglyn verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek.
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

## VRAAG 1

### 1.1 KREDITEUREREKONSILIASIE

| | KREDITEUREGROOTBOEK -REKENING | REKENINGSTAAT |
|---|---|---|
| **Saldo a/b** | **52 900** | **108 800** |
| **(i)** | – 1 800 ✓✓ | |
| **(ii)** | | – 1 600 ✓✓ |
| **(iii)** | + 600 ✓ | |
| **(iv)** | – 860 ✓✓ | |
| **(v)** | | – 54 820 ✓ |
| **(vi)** | + 1 540 ✓ | |
| | 52 380 | ☑ 52 380 |

Hakies kan gebruik word om verminderings aan te dui. Een deel korrek; moet saldo a/b insluit.

**10**

### 1.2 BANKREKONSILIASIE

**1.2.1**

| KONTANTONTVANGSTES | KONTANTBETALINGS |
|---|---|
| **76 270** | **88 625** |
| 500 ✓✓ | 2 100 ✓✓ |
| 4 600 ✓ | 235 ✓ |
| 7 030 ✓ | 1 140 ✓ |
| 88 400 | 92 100 |

**Saldo van die Bankrekening:**

8 800 ✓ + 88 400 ☑ (sien kontantontvangste) – 92 100 ☑ (sien kontantbetalings) = 5 100 ☑ een deel korrek

**12**

**1.2.2**

| BANKREKONSILIASIESTAAT OP 31 MEI 2023 | | |
|---|---|---|
| | **DEBIET** | **KREDIET** |
| Saldo volgens bankstaat (balanserende bedrag; kan Dt wees) | | 4 800 ☑ |
| Uitstaande deposito's: 19 Mei | | 11 400 ✓ |
| 26 Mei | | 10 800 ✓ |
| Uitstaande EFO Nr. 658 | 6 900 ✓ | |
| Fout op bankstaat / foutiewe deposito | 15 000 ✓ | |
| Saldo volgens bankrekening | 5 100 ☑ sien 1.2.1 | |
| | | |
| Vir beide totale; moet dieselfde bedrag wees | 27 000 | ☑ 27 000 |

**7**

1.2.3 **Verskaf EEN voorstel hoe die probleem van vervalste note voorkom kan word.**

EEN geldige punt ✓✓ deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoorde

- Installeer 'n skandeermasjien (infrarooi lig) by elke betaalpunt
- Lei kassiere op om alle note met die skandeerder na te gaan
- Moedig kaartbetalings by betaalpunte aan
- Moedig EFO-betalings aan vir rekeningebetalings
- Begin 'n aanlyn verkope afdeling om hantering van kontant te verminder

| |
|---|
| 2 |

1.2.4 **Donald is bekommerd oor die uitstaande deposito's. Verskaf TWEE interne beheermaatreëls wat hy kan implementeer om hierdie probleem aan te spreek.**

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoorde

- Implementeer 'n stelsel van gereelde deponering van fondse (roetine)
- Plaas 'n toesighouer in beheer of gebruik 'n veiligheidsmaatskappy om te help.
- Verdeling van pligte – die persoon wat kontant ontvang en kwitansies uitskryf, moet nie deposito's ook doen nie.
- Gebruik die bank-toep ("App") om gereeld te kyk wat aangaan / SMS-kennisgewings van alle transaksies met die bank.

| |
|---|
| 4 |

| TOTALE PUNTE | 35 | |
|---|---|---|

## VRAAG 2

### 2.1.1 FABRIEKSBOKOSTE

| | |
|---|---|
| **Diverse fabriekskoste** | **65 570** |
| Indirekte materiaal 12 700 + 87 600 – 9 300 | 91 000 ✓☑* |
| Fabriekskoonmaakpersoneel 48 510 + 4 200 + 210 | 52 920 ✓☑* |
| Huuruitgawe 126 000 x $^2/_3$ | 84 000 ✓☑* |
| Water en elektrisiteit (82 000 + 7 400) x 65% | 58 110 ✓☑* |
| Versekering 25 200 ✓✓ x 4/7<br>(33 600 x 12/16) twee punte | 14 400 ☑* |
| | |
| * een deel korrek<br>Moet bedrag vir diverse fabriekskoste insluit | 366 000 ☑* |

**12**

### 2.1.2 PRODUKSIEKOSTESTAAT OP 28 FEBRUARIE 2023

| | |
|---|---|
| **Direkte materiaalkoste** | **374 500** |
| Direkte arbeidskoste balanserende bedrag | 432 100 ☑ |
| **PRIMÊRE KOSTE** bewerking | 806 600 ☑ |
| Fabrieksbokoste sien 2.1.1 | 366 000 ☑ |
| **Totale vervaardigingskoste** bewerking | 1 172 600 ☑ |
| **Goedere-in-bewerking (beginsaldo)** | **35 400** |
| bewerking | 1 208 000 ☑ |
| **Goedere-in-bewerking (eindsaldo)** | (23 600) ✓ |
| **Koste van produksie van klaar produkte**<br>10 500 x 112,80 | 1 184 400 ✓✓ |

**8**

## 2.2 FAZEL VERVAARDIGERS

### 2.2.1 Beheer oor grondstowwe:

| **Fazel is bekommerd oor die vermorsing van materiaal tydens produksie. Bereken die aantal meters materiaal wat vermors is.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| (7 200 x 1,8) twee punte<br>13 050 ✓ – 12 960 ✓✓ | 90 meters ☑<br>een deel korrek |

4

**Verskaf TWEE moontlike redes vir hierdie vermorsing.**

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoorde

- Swak toesighouding in die fabriek (tydens produksie)
- Onopgeleide werkers – maak baie foute
- Agterlosigheid – geen nagevolge vir swak vakmanskap nie
- Swak kwaliteit materiaal wat gebruik word

4

### 2.2.2 Gelykbreekontleding:

| **Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 1 850 400 ✓<br>580 ✓ – 320 ✓<br>260 twee punte | 7 117 eenhede ☑<br>een deel korrek |

4

**Verduidelik of die besigheid tevrede behoort te voel met die aantal eenhede gedurende die huidige finansiële jaar vervaardig. Verskaf TWEE punte.**

TWEE geldige punte (met syfers) ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoorde
Tevrede / nie tevrede word geïmpliseer in die antwoord

- Die besigheid maak ŉ wins op 83 eenhede (7 200 – 7 117) / het 83 eenhede meer as die gelykbreekpunt geproduseer (sien hierbo)
- Die besigheid het 450 eenhede meer as verlede jaar geproduseer (7 200 – 6 750)
- Hulle het van ŉ verlies (op 324 eenhede) verlede jaar verbeter tot ŉ wins op 83 eenhede hierdie jaar.

4

**Fazel is bekommerd oor die toename van R81 900 in totale vaste koste. Verskaf EEN rede waarom hy nie bekommerd behoort te wees nie. Haal syfers aan.**

EEN geldige punt ✓✓ relevante syfer/s (moet ŉ vergelyking wys) ✓✓
deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoorde

- Ekonomie van skaal. ŉ Toename van 450 eenhede in produksie, sal die vaste koste per eenheid laat daal.
- Die vaste koste per eenheid was verlede jaar R262, maar het hierdie jaar tot R257 gedaal.
- Vaste koste hou nie met produksie verband nie en behoort redelik konstant te bly. Die toename is slegs 4,6% (binne inflasie).

4

| **TOTALE PUNTE** | **40** | |
|---|---|---|

## VRAAG 3

## VOORRAADWAARDASIE

3.1

| | |
|---|---|
| **3.1.1** | Eerste-in-eerste-uit ✓ |
| **3.1.2** | Deurlopende ✓ |
| **3.1.3** | Spesifieke identifikasie✓ |
| **3.1.4** | Geweegde gemiddelde ✓ |

4

**3.2.1 Bereken die volgende vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023:**

| **Waarde van eindvoorraad (gebruik die geweegdegemiddelde)** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 448 350 vier punte<br>71 040 ✓ + 362 500 ✓ – 6 150 ✓ + 20 960 ✓ x 360<br>(480 + 2 000 – 30) ✓☑ een deel korrek<br>2 450 twee punte<br>GG: 183 (ses punte) | 65 880 ☑<br>een deel korrek;<br>Moet x 360 wees |

7

| **Aantal eenhede vermis** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 2 450 ☑ – 2 050 ✓ – 360 ✓<br>Gebruik eenhede uit bostaande berekening | 40 eenhede ☑<br>een deel korrek |

4

3.2.2 **Verduidelik TWEE strategieë wat Lyon kan gebruik om die probleem van klante wat items steel, aan te spreek.**

Enige TWEE interne beheermaatreëls ✓ ✓

- Installeer kameras (“CCTV”/ Geslote baan kringtelevisie veiligheidstelsel)
- Opsporingplaatjies op produkte
- Fisiese sekuriteit by uitgange
- Verskaf toesluitkassies aan klante waar ander items gebêre kan word voordat hulle die winkel binnegaan.

2

3.2.3 **Die gemiddelde voorraadhoudingsperiode is 73,7 dae. Verduidelik of Lyon hieroor bekommerd moet wees. Verskaf EEN punt.**

Enige EEN interne beheermaatreël ✓✓ wees bedag op geldige antwoorde vir en teen.

**Opsies vir nie bekommerd:**
Duursame produk / kan maklik in die toekoms verkoop word / het ʼn lang raklewe / altyd in aanvraag vir sekere klante / gebruik nie baie stoorplek nie.

**Opsies vir bekommerd:**
Kontant is opgesluit in voorraad / gebruik waardevolle stoorplek wat gebruik kan word vir ander voorraaditems / stadige verkope beteken stadige invloei van kontant / die items kan minder gewild wees in die toekoms.

2

**3.2.4**

| **Bereken die koste van verkope van skootrekenaarsakke.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| **KOSTE VAN VERKOPE:**<br><br>112 x 680 = 76 160 ✓☑ een deel korrek<br>220 x 920 = 202 400 ✓☑ een deel korrek | 278 560 ☑<br>een deel korrek |

**5**

**3.2.5**

**Lyon verstaan nie hoekom die verkope van Coma-sakke beter was as die verkope van Komfi nie. Verskaf TWEE moontlike redes.**

Enige TWEE geldige redes ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoorde

- Coma is dalk meer aantreklik / beter waarde vir geld.
- Die produk is gewilder onder sekere klante.
- Coma is veelsydiger (meer spasie /sakke), en daarom ʼn gewilder keuse.

**4**

**BTW**

**3.3.1**

| **Bereken die BTW-bedrag betaalbaar aan SAID op 30 April 2023.**<br>**LET WEL: Die gegewe foute en weglatings moet in ag geneem word.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| ✓ ✓ ✓ ✓✓ ✓✓ ✓✓<br>12 750 + 63 450 – 21 900 + 645 – 3 750 – 1 920<br><br>Aanvaar alternatiewe aanbiedinge soos tekens wat omgeruil is, grootboekformaat, inset / uitsettotale. | 49 275 ☑<br>een deel korrek |

**10**

**3.3.2**

**Verskaf EEN punt van advies aan Benjamin en ʼn verduideliking of rede om jou advies te ondersteun.**

| **ADVIES** ✓ | **REDE** ✓ |
|---|---|
| • Hy moet aparte rekords vir BTW hou en dit betyds betaal<br>• Hy moenie BTW-geld vir besigheid se sake gebruik nie<br>• Hy moet vir besigheidsuitgawes begroot en die likiditeit met fondse wat deur die besigheid verdien is, bestuur. | • BTW word namens SAID ingevorder<br>• Die geld behoort nie aan die besigheid nie<br>• Kan tot likiditeitsprobleme lei<br>• Wanbetaling met BTW is ʼn misdaad<br>• Die besigheid kan gedagvaar word<br>• Die beeld van die besigheid kan skade lei<br>• Kan klante verloor. |

**2**

| **TOTALE PUNTE** | **40** | |
|---|---|---|

## VRAAG 4

**4.1.** **Lys TWEE items wat nie in ’n Kontantbegroting sal voorkom nie.**

Enige TWEE nie-kontant items ✓ ✓

Voorbeeld:
waardevermindering / oninbare skuld / korting toegestaan / korting ontvang / handelsvoorraadtekort of -surplus / voorsiening vir oninbare skuld aansuiwering

**2**

**4.2** **Bereken:** Wees bedag op alternatiewe metodes vir berekeninge

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| **(i) Koste van verkope: September 2023**<br><br>140 000 x 110% **OF** 246 400 x 100/160 | 154 000 ✓✓<br>**(2)** |
| **(ii) Huurinkomste: Augustus 2023**<br><br>16 340 ✓ x 100/107,5 ✓ | 15 200 ✓<br>**(3)** |
| **(iii) Salarisse van bestuurders: September 2023**<br><br>(9 200 ✓✓ x 105%) (9 200 + 300)<br>9 660 ☑ + 9 500 ✓✓<br>Indien x 105% | 19 160 ☑<br>een deel korrek<br>**(6)** |
| **(iv) Bedryfswins: Augustus 2023**<br><br>59 940 – 640 | 59 300 ✓✓<br>**(2)** |

**13**

**4.3**

| **Bereken: Die kosprys van nuwe voertuig op 1 Augustus 2023 aangekoop.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| (14 875 – 12 000)<br>2 875 ✓✓ x 12 ✓<br>0,15 ✓ | 230 000 ☑<br>een deel korrek |

**5**

| **Bereken: Die besparing op rente op lening na die terugbetaling op die lening.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 90 000 ✓ x 14% ÷ 12 ✓<br>**OF**<br>6 300 – 5 250 | 1 050 ☑<br>een deel korrek;<br>14% is nie een deel korrek |

**3**

**4.4 Verwys na die werklike en begrote bedrae vir Augustus 2023 en lewer kommentaar op die beheer oor die volgende items: Haal syfers aan.**

| | | |
|---|---|---|
| **TELEFOON, WATER EN ELEKTRISITEIT**<br>Kommentaar ✓✓<br>Syfer ✓ | R1 680 oorspandeer (60% meer) wat baie ver bokant inflasiekoers is. Dit word nie goed beheer of gemonitor nie / vermorsing of swak interne beheermaatreëls is in plek | **3** |
| **ADVERTENSIES**<br>Kommentaar ✓✓<br>Syfer (vergelyk met verkope) ✓✓ | R575 oorspandeer (8,5%)<br>Verkope het met 12,5% toegeneem<br>Advertensies was effektief / goed bestuur / ʼn klein toename het tot hoër verkope gelei. | **4** |

**4.5**

**Verduidelik die effek van die verlaging van die winsopslag % op bruto wins. Haal syfers aan.**

Prudence kon die begrote bruto wins handhaaf. ✓
252 000 – 168 000 = 84 000 ✓✓

**3**

**Verskaf EEN nadeel verbonde aan die verkoop van meer goedere op krediet.**

EEN geldige punt ✓✓

- Negatiewe impak op kontantvloei
- Addisionele administratiewe vereistes om debiteure te beheer
- Moontlikheid van oninbare skuld

**2**

| | | |
|---|---|---|
| **TOTALE PUNT** | **35** | |

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou